higher education & training
Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T110(**A**)(A2)T

**NASIONALE SERTIFIKAAT**

# BOUADMINISTRASIE N6

(4090056)

**2 Augustus 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BOUADMINISTRASIE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 1**

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Om selektief te tender is nie 'n tendermetode nie.

1.1.2 Die genomineerde subkontrakteur word deur die hoofkontrakteur aangestel.

1.1.3 In die selektiewe tenderproses word tenders ingewin deur 'n kortlys van kontrakteurs op te stel.

1.1.4 Die algemene tendermetode word op die hoeveelheidslys aangedui.

1.1.5 In die geval van 'n oop tender plaas die werkgewer gewoonlik advertensies in die plaaslike, nasionale en tegniese media.

1.1.6 Gewone en genomineerde kontrakteurs toon ooreenkomste sover dit kontrakte en aanstellings betref.

1.1.7 Pryse mag oorweeg word by die aanstelling van 'n genomineerde subkontrakteur.

1.1.8 Subkontraktering beteken dat die kontrakteur wat 'n filiaal van die hoofkontrakteur is nie die werk kan doen nie.

1.1.9 Die genomineerde subkontrakteur word deur die argitek namens die eienaar betaal.

1.1.10 Die genomineerde subkontrakteur word deur die argitek beïnvloed.

(10 × 1) (10)

1.2 Definieer die volgende terme wat in die bousektor gebruik word:

1.2.1 Tender

1.2.2 Kortlys

1.2.3 Subkontraktering

1.2.4 Programmering

1.2.5 Historiese kosteberekening

(5 × 2) (10)
**[20]**

## VRAAG 2

2.1 Definieer die volgende terme by werkstudie:

2.1.1 Verstreke tyd

2.1.2 Element

2.1.3 Basiese tyd

2.1.4 Ontspanning

2.1.5 Ondoeltreffende tyd

(5 × 2) (10)

2.2 Beskryf wat elk van die volgende terme beteken:

2.2.1 Vloeidiagram

2.2.2 Multi-aktiwiteitskaarte

2.2.3 Stringdiagram

2.2.4 Meesterprogram

2.2.5 Fase-/Seksieprogram

(5 × 2) (10)
**[20]**

## VRAAG 3

3.1 Beskryf enige VYF funksies van 'n inspekteur sover dit gesondheid- en veiligheidsaangeleenthede betref. (5 × 2) (10)

3.2 Dui VYF onveilige optredes en toestande aan. (5 × 2) (10)
**[20]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 4

4.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – J) langs die vraagnommer (4.1.1-4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.1.1 | Lokokosteberekening | A | kontantbedrag wat gebruik kan word om 'n projek te begin of in eiendom te belê |
| 4.1.2 | Eenheidskoste-berekening | B | finansiële plan wat voorsiening maak vir alle moontlike kostes wanneer met 'n projek begin word |
| 4.1.3 | Lotkosteberekening | C | berekening van die tentatiewe koste van alle elemente en items wat nodig is om die projek af te handel |
| 4.1.4 | Kontrakkosteberekening | D | berekening van besteding op arbeid, installasies en materiale |
| 4.1.5 | Totale kosteberekening | E | indirekte koste is bykoste wat nie in die oorspronklike koste bereken is nie |
| 4.1.6 | Indirekte kosteberekening | F | totale bedrag wat na behoorlike berekenings bepaal is |
| 4.1.7 | Kosteberekening | G | stelsel aangeneem deur besighede wat die aansienlike bou- of konstrukisiekontrakte uitvoer |
| 4.1.8 | Beraming | H | kombinasie van werk- en eenheids-kosteberekening |
| 4.1.9 | Begroting | I | metode van kosteberekening aangewend waar koste-eenhede identies is |
| 4.1.10 | Kapitaal | J | kostekontrole onderneem op individuele elemente of seleksies van 'n kontrak |

(10 × 2) **[20]**

## VRAAG 5

5.1 Noem die VYF vlakke van menslike behoeftes volgens Maslow en verduidelik dit. (5 × 2) (10)

5.2 Gee VYF kenmerke om die toesighouer as motiveerder te beskryf. (5 × 2) (10)
**[20]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou